(3) Enige rioolputspelder aan 'n private riool moet aan die buitekant van enige gebou geplaas word en minstens vier en 'n half duim van enige muur af.

Ventilasie van Private Riole

34. (1) Daar moet aan die bo-ent van elke private riool en van elke vertakking van 'n private riool, wat drek- of vuilwater ontvang, en langer as 20 voet is, 'n ventilasiepyp aangebring word waarvan die deursnee nie kleiner mag wees as dié van die private riool of vertakking van 'n private riool wat dit ventileer nie: Met dien verstande dat enige drekwater- of rioolputspelder boonop geventileer moet word waar heweling plaasvind.

(2) Die bepalings van artikels 73 en 74 is *mutatis mutandis* van toepassing op sodanige ventilasiepyp.

(3) Waar twee of meer inlate by 'n vertakking van 'n private riool aangesluit is en elke sodanige inlaat nie nie-hewelend is nie, moet sodanige vertakking deur middel van 'n ventilasiepyp van vier duim in-deursnee geventileer word.

(4) Vir die doeleindes van subartikel (1) word die lengte van so 'n private riool gemeet vanaf die middellyn van die aansluiting van die hoofgeventileerde private riool tot by die uitlaat van die sperder vir die drekwatertoebehoere of tot die uitlaat van die rioolputspelder, al na die geval.

(5) Geen rookgang of ander gang mag gebruik word om enige private riool te ventileer nie.

Verskaffing van en Vereistes vir Steekoë

35. (1) 'n Steekoog moet verskaf word—

(a) op elke private riool binne vier voet van die aansluiting by die munisipale riool;

(b) aan die bo-ent van enige private riool;

(c) by elke verandering van rigting van 'n private riool;

(d) aan die bo-ent van elke vertakking van 'n private riool, wat langer as 10 voet is;

(e) op afstande van hoogstens 80 voet tussen steekoë; en

(f) aan enige vertikale of skuins val van 'n private riool.

Junctions, Curves and Tapers

32. (1) No right-angled or "Y" junction either vertical or horizontal shall be permitted in any private drain.

(2) the connection between a private drain and every branch thereof shall be effected by means of a proper oblique junction of not more than 45 degrees discharging in the direction of the flow of such drain and no opposite or double junctions shall be made.

(3) Except where unavoidable, no change of direction in any private drain shall exceed an arc of 90 degrees and then only on condition that the curve or bend shall have a radius of at least three feet.

(4) Taper pipes of a shape approved by the Director shall be used when reducing or increasing the size of a private drain.

Traps to Private Drains

33. (1) Any inlet to a private drain, other than that from a ventilation pipe, soil-water fitting, soil-water pipe or other private drain, shall be closed by an effective trap and shall, except where expressly otherwise provided in these by-laws, be so formed and fixed as to be capable of maintaining a water seal of at least two and a half inches in depth, and no other trap shall be placed between that trap and the municipal sewer.

(2) No person shall, in connection with a private drain, construct or fix any type of trap which has not been approved, nor any trap (other than a silt or grease trap permissible in terms of these by-laws), which is not self-cleansing.

(3) Any gully trap on a private drain shall be placed outside any building and at least four and a half inches from any wall.

Ventilation of Private Drains

34. (1) There shall be provided at the upper extremity of every private drain and of every branch of a private drain which receives soil-water or waste-water and exceeds 20 feet in length, a ventilation pipe of a diameter not less than that of the private drain or branch of a private drain which it ventilates: Provided that, in addition, any soil or gully trap shall be ventilated wherever syphonage takes place.

(2) The provisions of sections 73 and 74 shall apply *mutatis mutandis* to such ventilation pipe.

(3) Where two or more inlets are connected to a branch of a private drain and every such inlet is not anti-syphoned such branch shall be ventilated by a four-inch diameter ventilation pipe.

(4) For the purposes of subsection (1), the length of such private drain shall be measured from the centre line of the junction of the main ventilated private drain to the outlet of the trap of the soil-water fitting or to the outlet of the gully trap, as the case may be.

(5) No chimney or other flue shall be used for ventilating any private drain.

Provision of and Requirements for Cleaning Eyes

35. (1) A cleaning eye shall be provided—

(a) on any private drain within four feet of the connection to the municipal sewer;

(b) at the upper extremity of any private drain;

(c) at every change of direction of a private drain;

(d) at the upper extremity of every branch, of a private drain, exceeding 10 feet in length;

(e) at distances not exceeding 80 feet between cleaning eyes; and

(f) on any vertical or inclined drop of a private drain.

(2) Elke steekoog moet gemaak word van gietyster- of geglasuurde erdepype, wat na grondhoogte deurgevoer word en moet met 'n hoek van minstens 45 grade en in die vloerligting by die privaat röol aansluit.

(3) Elke steekoog moet met 'n ABC-gietystervasskroefplaat toegerus word, moet in beton gelê wees en bo-op van 'n geskikte betonkassie voorsien word met 'n gietysterraam van 12 duim by 12 duim wat afgewerk is met 'n vier duimwye granolietomranding waarin in deksel gelyk met die omliggende grond moet pas.

(4) Swaar deksels moet gebruik word indien 'n steekoog op 'n plek geleë is waar voertuigverkeer daaroor sal ry.

Verskaffing van en Vereistes vir Inspeksieoe

36. (1) 'n Inspeksieoe moet verskaf word—

(a) by elke aansluiting tussen 'n private röol en 'n vertakkings daarvan wat net vuilwater vervoer;

(b) by elke aansluiting tussen 'n private röol en 'n vertakkings daarvan wat net drekwater vervoer waar sodanige vertakkings langer as tien voet is;

(c) binne twee voet van die steekoog af wat verskaf is by die aansluiting van die private röol met die munisipale röol; en

(d) bo-aan en onderaan elke vertikale of skuins val en by elke verandering van rigting van 'n private röol.

(2) Enige inspeksieoe op 'n inspeksieaansluiting, inspeksiebuigstuk of inspeksieyp moet van 'n verwyderbare deksel voorsien word.

(3) In die geval van gietysterpype moet die deksel vasgebout wees, en in die geval van geglasuurde erdepype moet sodanige deksel met bitumen of 'n ander goedgekeurde materiaal verseël word.

Verskaffing van Mangate

37. (1) Daar moet 'n mangat verskaf word binne vier voet van die aansluiting van 'n private röol by 'n munisipale röol, behalwe waar sodanige private röol 'n afsonderlike woonhuis bedien in welke geval 'n steek- en inspeksieoe in plaas daarvan aangebring kan word.

(2) Daar moet 'n mangat verskaf word by die aansluiting tussen 'n private röol wat röolvuilwater wegvoer van 'n koei- of ander stal, melkery, mark of slagplaas af en enige ander private röol.

(3) Waar daar herhaaldelik verstoppings in 'n private röol voorkom, moet 'n mangat deur die eienaar of okkuperder op eie koste gebou word wanneer die Stadsingenieur of die Direkteur hom aansê om dit te doen en op sodanige plek as wat deur die Stadsingenieur of Direkteur aangedui word.

Posisie en Konstruksie van Mangate.

38. (1) 'n Mangat moet, sover moontlik, op die betrokke eiendom en in die buitelug aangebring word.

(2) Waar dit nie moontlik is om 'n mangat op die betrokke eiendom aan te bring nie, kan dit op munisipale eiendom gebou word op 'n geskikte plek waaroer die Stadsingenieur moet besluit.

(3) Sodanige bouwerk word deur die Raad uitgevoer op koste van die eienaar van die betrokke eiendom en daar word nie daarmee begin nie tensy sodanige eienaar die bedrag van die beraamde koste van sodanige bouwerk by die Stadsingenieurskantoor gedeponeer het.

(4) Die eienaar van die betrokke eiendom is aanspreeklik om vir enige mangat in subartikel (2) beoog, 'n jaarlikse huurgeld van twee rand veertig sent, halfjaarliks vooruit, aan die Raad te betaal.

(2) Every cleaning eye shall be constructed of cast-iron or glazed earthenware pipes taken up to ground level and shall join the private drain at an angle of not less than 45 degrees and in the direction of the flow.

(3) Every cleaning eye shall be fitted with a cast-iron ABC screw-down plate, shall be set in concrete and surrounded by a suitable concrete box with a cast-iron frame measuring 12 inches by 12 inches finished off with a four inch wide granolith surround into which a cover shall be fitted level with the surrounding ground surface.

(4) Heavy covers shall be used if a cleaning eye is situated at a place where vehicular traffic will cross it.

Provision of and Requirements for Inspection Eyes

36. (1) An inspection eye shall be provided—

(a) at every connection between a private drain and a branch thereof which conveys waste-water only;

(b) at every connection between a private drain and a branch thereof which conveys soil-water only where such branch exceeds ten feet in length;

(c) within two feet of the cleaning eye provided at the connection of the private drain to the municipal sewer; and

(d) at the top and bottom of every vertical or inclined drop and at every change of direction of a private drain.

(2) Any inspection eye on an inspection junction, inspection bend or inspection pipe shall be provided with a removable access lid.

(3) In the case of cast-iron pipes, the access lid shall be set and bolted and in the case of glazed earthenware pipes, any such lid shall be sealed with bitumen or other approved material.

Provision of Manholes

37. (1) A manhole shall be provided within four feet of the connection of a private drain to a municipal sewer except where such private drain serves one individual dwellings house in which case a cleaning eye and inspection eye may be provided instead.

(2) A manhole shall be provided at the connection between any private drain conveying sewage from any stable, cowshed, dairy, market place or abattoir and any other private drain.

(3) Where repeated chokages occur in a private drain, a manhole shall be built by the owner or occupier at his own expense when directed to do so by the City Engineer or the Director and in such position as indicated by the City Engineer or Director.

Position and Construction of Manholes

38. (1) Any manhole shall, where practicable, be constructed on the property concerned and in the open air.

(2) Where it is not possible to construct a manhole on the property concerned, such manhole may be constructed on municipal property in a suitable position to be decided by the City Engineer.

(3) Such construction shall be carried out by the Council at the cost of the owner of the property concerned and shall not be commenced with unless such owner has deposited the amount of the estimated cost of such construction at the offices of the City Engineer.

(4) The owner of the property concerned shall be liable to pay to the Council an annual rental of two rand forty cents payable half-yearly in advance, for any manhole contemplated in subsection (2).

Minimum Afmetings van Mangate

39. By die konstruksie van 'n mangat moet die volgende minimum afmetingsvereistes nagekom word:—

<i>Diepte</i>	<i>Binnelengte</i>	<i>Binnebreedte</i>
Hoogstens 2 vt 6 dm.....	2 vt	18 dm
Meer as 2 vt 6 dm, maar hoogstens 6 vt.....	3 vt	2 vt
Meer as 6 vt.....	3 vt-6 dm	2 vt 6 dm

Deksel vir Mangate

40. (1) Elke mangat moet toegemaak word met 'n gietysterdeksel met 'n soliede bovlak wat aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde se standaardspesifikasie vir grondkassies en mangat- en inspeksiedeksele en rame van gietyster (S.A.B.S. 558) voldoen.

(2) Sodanige deksel moet geplaas word in 'n geskikte gietysterraam wat in 'n gewapende beton-blad gelê word, of anders kan daar in die baksteenwerk 'n karbeel aangebring word om sodanige raamwerk te neem: Met dien verstande dat in die geval van 'n mangat wat dieper as ses voet is, sodanige mangat 'n vry hoogte moet hê van minstens ses voet gemeet van die bokant van die vloeivulling af.

(3) Die groef in sodanige raam moet met ghries met 'n hoë smeltpunt gevul en die deksel so daarop geplaas word dat dit 'n lugdigte bedekking vorm.

(4) 'n Swaardiensdeksel moet gebruik word waar enige swaar voertuig waarskynlik oor sodanige deksel sal ry, 'n medium of swaardiensdeksel in enige ryweg en 'n ligte, medium of swaardiensdeksel op 'n werf waar geen voertuig daaroor sal ry nie.

(5) Die onbelemmerde toegangsopening tot 'n mangat moet minstens—

- (i) agtien duim by 24 duim, in die geval van 'n reg hoekige deksel;
- (ii) vier-en-twintig duim by 24 duim, in die geval van 'n vierkantige deksel; of
- (iii) een-en-twintig duim in deursnee, in die geval van 'n ronde deksel, wees.

(6) Die mangatdeksel moet in alle gevalle minstens ses duim onderkant die uitlaat wees van enige druk- of vuilwatertoehoorsel wat in die betrokke private riool ontlas: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie in enige geval waar daar 'n pomp ingevolge artikel 48 geïnstalleer is.

(7) Die bokant van enige sodanige deksel moet gelyk wees met die grondvlak.

Verdere Vereistes vir Mangate

41. (1) Die fondament vir 'n mangat moet oor die volle grootte van die mangat van beton wees wat ses duim dik is en saamgestel is uit ses dele kliip, drie dele sand en een deel cement.

(2) Elke mangatmuur moet nege duim dik wees, gebou van harde blou baksteen in Engelse verband met dagha saamgestel uit vier dele sand en een deel cement, en dit moet binnekant vyf-agtstes duim dik met sementpleister, saamgestel uit vier dele sand en een deel cement, glad afgewerk word.

(3) 'n Kanaal gevorm van geglasuurde erdepype moet verskaf word, en die vloeivulling moet afgewerk word met ongekleurde granoliet wat met 'n hoek van minstens 45 grade met die horisontaal na die kanaal afgeskui moet word.

(4) Die bokant van 'n mangat moet afgewerk word met 'n granolietomranding waarvan alle hoeke netjies gerond is.

(5) Elke mangat wat dieper as drie voet is, moet voorseen word van mangattrappies van swaar gietyster of ander korrosievrye metaal.

Minimum Dimensions of Manholes

39. The following minimum dimensions shall be complied with in the construction of any manhole:—

<i>Depth</i>	<i>Internal length</i>	<i>Internal width</i>
Not exceeding 2 ft 6 in.....	2 ft	18 in.
Exceeding 2 ft 6 in. but not more than 6 ft.....	3 ft	2 ft
Exceeding 6 ft.....	3 ft 6 in.	2 ft 6 in.

Covers for Manholes

40. (1) Every manhole shall be covered with a cast-iron cover with a solid top which conforms to the requirements of the South African Bureau of Standards Standard Specification for Cast-iron Surface Boxes and Manhole and Inspection Covers and Frames (S.A.B.S. 558).

(2) Such cover shall be set in a suitable cast-iron frame which shall be bedded in a reinforced concrete slab or the brickwork may be corbelled in to take such frame: Provided that in the case of a manhole exceeding six feet in depth, such manhole shall have a clear height of at least six feet measured from the top of the benching.

(3) The recess in such frame shall be filled with high melting-point grease and the cover set therein so as to form an airtight cover.

(4) A heavy-duty cover shall be used where any heavy vehicle is likely to cross such cover, a medium or heavy duty cover in any driveway and a light, medium or heavy duty cover in a yard where no vehicle will cross it.

(5) The clear access opening to a manhole shall not be less than—

- (i) eighteen inches by 24 inches in the case of a rectangular cover;
- (ii) twenty-four inches by 24 inches in the case of a square cover; or
- (iii) twenty-one inches in diameter in the case of a round cover.

(6) The manhole cover shall in all cases be at least six inches below the outlet of any soil-water or waste-water fitting discharging into the private drain concerned: Provided that the provisions of this subsection shall not apply in any case where a pump is installed in terms of section 48.

(7) The top of any such cover shall be at ground level.

Further Requirements for Manholes

41. (1) The foundation to a manhole shall be of concrete six inches thick to the overall size of the manhole, such concrete being composed of six parts stone, three parts sand and one part cement.

(2) Every wall of a manhole shall be nine inches thick, built of hard blue brick in English bond set in mortar composed of four parts sand and one part cement and rendered smooth internally with five-eighths inch thick cement plaster, composed of four parts sand and one part cement.

(3) A channel formed of glazed earthenware pipes shall be provided, and the benching shall be finished in untinted granolith, sloped towards the channel at an angle of not less than 45 degrees with the horizontal.

(4) The top of any manhole shall be finished off with a granolith surround with all corners neatly rounded.

(5) Every manhole exceeding three feet in depth shall be provided with manhole steps of heavy cast-iron or other non-corrosive metal.

Vetvangers aan Private Riole

42. (1) 'n Vetyanger van goedgekeurde patroon moet tussen die vuilwaterpyp en 'n private riool wat enige opwasplek of -bak in 'n woonhuis van meer as agt slaapkamers bedien, en in elke hotel, losieshuis, slagterij, teekamer of restaurant, so na as prakties moontlik aan sodanige opwasplek of -bak, ten genoeë van die Direkteur aangebring word.

(2) 'n Spesiaal gemaakte vetvanger van goedgekeurde ontwerp en gemaak van korrosievrye materiaal, moet aangebring word vir enige wasserij, kosverpakinrigting en ander soortgelyke plek waar vuilwater wat vetterig of seepagtig van aard is, in 'n private riool inloop.

(3) Enige vetvanger moet in die buitelug wees en dit moet aangebring word op en ingelaat word in 'n betonvoetstuk van ses duim dik: Met dien verstande dat 'n spesiaal gemaakte vetvanger, so gebou dat die maklik vir skoonmaak verwijderbaar is, met die skriftelike toestemming van die Direkteur, binne enige gebou geplaas kan word.

(4) Geen selfreinigende vetvanger van erdewerk mag gebruik word nie.

(5) Enige vetvanger moet van geglasuurde erdewerk wees, moet ronde hoeke en 'n waterslot van minstens 12 duim diep hê.

(6) Die binne-deursnee van enige vetvanger moet soos volg wees: Vir huise met meestens tien kamers, ten minste ses duim; vir huise met meer as tien kamers, ten minste nege duim; vir hotelle, restaurants, teekamers, slaghuisse en losieshuise, van nege tot 18 duim al na die Direkteur vereis.

Toets van Private Riole

43. (1) Enige private riool en drekwaterpyp moet so gemaak wees dat dit lugdig is en 'n lugdruk van sewe-agtstees lb per vierkante duim kan weerstaan vir 'n tydperk van tien minute per ooptoets voordat die slot toegegooi is, en vir 'n tydperk van drie minute oor die hele stelsel nadat die slot toegegooi en al die werk in verband met die rioleringsinstallasie voltooi is.

(2) Iemand wat werk ingevolge hierdie verordeninge verrig, moet al die nodige apparaat verskaf vir die toetsing ingevolge subartikel (1), en moet sodanige toets onder die toesig en ten genoeë van die Direkteur uitvoer.

(3) As dit ten gevolge van gebreklike werk nodig is om enige werk oor te toets, moet 'n toetsgeld van ses rand vir elke sodanige hertoetsing aan die Raad betaal word deur die persoon wat sodanige hertoetsing uitvoer.

(4) Die Direkteur kan, by ontvangs van 'n skriftelike aansoek binne drie maande nadat enige rioleringsinstallasie bevredigend voltooi is, 'n sertifikaat aan die eienaar van die betrokke eiendom uitrek ten effekte dat sodanige installasie ooreenkomsdig hierdie verordenige voltooi is.

Inspeksie van Bestaande Rioleringsinstallasie

44. Die Raad kan enige rioleringsinstallasie inspekteer waar enige verandering daaraan aangebring is of as dit 'n oorlaas veroorsaak en die inspeksiekoste op die eienaar of okkuperdeer van die betrokke eiendom verhaal.

Private Riole onder Geboue en Strukture

45. (1) Waar 'n private riool onder enige muur of ander struktuur loop, moet dié gedeelte van die riool onder sodanige muur of struktuur teen die bo-op liggende gewig beskerm word deur 'n geskikte boog of balk wat minstens twee duim hoër as die private riool moet lê.

(2) (a) Waar 'n private riool onder enige gebou, uitgesonderd 'n oordekte parkeergebied of 'n enkelverdieping-buitegebou loop, moet dié gedeelte van die riool onder

'Grease' Traps to Private Drains

42. (1) A grease trap of approved pattern shall be fitted between the waste-water pipe and any private drain which serves any scullery or kitchen sink in a dwelling house of more than eight bedrooms, and in every hotel, boarding-house, butchery, tea-room or restaurant, as close as practicable to such scullery or kitchen sink to the satisfaction of the Director.

(2) A purpose-made grease trap of approved design and made of non-corrosive material shall be fitted for any laundry, food-packing establishment, and other similar place where waste-water of a fatty or saponaceous character is admitted to a private drain.

(3) Any grease trap shall be in the open air and shall be set upon and bedded in a base of concrete six inches thick; Provided that a purpose-made trap so constructed as to be easily removable for cleansing, may, with the written consent of the Director, be placed inside any building.

(4) No self-cleansing earthenware grease trap shall be used.

(5) Any grease trap shall be of glazed earthenware, shall have rounded corners and a water seal of at least 12 inches in depth.

(6) The internal diameter of any grease trap shall be as follows: For houses of not more than ten rooms, at least six inches; for houses of over ten rooms at least nine inches; for hotels, restaurants, tea-rooms, butcheries, boarding-houses, from nine to 18 inches as required by the Director.

Testing of Private Drains

43 (1) Any private drain and soil-water pipe shall be so constructed as to be air-tight and to be capable of resisting an air-pressure of seven-eighths lb per square inch for a period of the minutes per open test made before the trenches have been filled in, and for a period of three minutes over the whole system on a final test made after the trenches have been filled in and all work in connection with the drainage installation has been completed.

(2) The person carrying out any work under these by-laws, shall provide all the necessary appliances for testing in terms of subsection (1), and shall effect any such test under the supervision of and to the satisfaction of the Director.

(3) If, owing to imperfect work, it becomes necessary for any work to be retested, a supervision fee of six rand shall be paid to the Council by the person carrying out such retesting for every such retest.

(4) The Director may, on written application received not later than three months after satisfactory completion of any drainage installation, issue a certificate to the owner of the property concerned to the effect that such installation has been completed in compliance with these by-laws.

Inspection of Existing Drainage Installation

44. The Council may inspect any drainage installation where any alteration has been effected thereto or where it creates nuisance and recover the cost of such inspection from the owner or occupier of the property concerned.

Private Drains under Buildings and Structures

45. (1) Where a private drain passes under any wall or other structure, the portion of the drain under such wall or structure shall be protected from the super-incipient weight by a suitable arch or beam at least two inches clear above the drain.

(2) (a) Where a private drain passes under any building, other than a covered parking area or single-storey outbuilding, the portion of the drain under such building shall be

sodanige gebou, gemaak wees van swaar gietysterype wat minstens 18 duim by die gebou verbysteek waar dit onder die gebou uitkom en die wande daarvan moet minstens die volgende diktes hê:

Binnedeursnee van private riole	Metaaldikte
Vier duim.....	drie-agste duim;
Ses duim.....	halfduim.

(b) Doeltreffende toegang moet tot sodanige private riool verskaf word waar dit onder die gebou uitkom.

(3) (a) Enige private riool van geglasuurde erdepype wat onder 'n oordekte parkeergebied of 'n enkelverdieping-buitegebou loop, moet in beton omhul word soos in artikel 47 bepaal, en moet teen die bo-op liggende gewig beskerm word deur 'n geskikte boog of balk wat minstens twee duim hoër as die betonomhulsel moet lê.

(b) Sodanige omhulsel moet minstens 18 duim by sodanige gebied of buitegebou verbysteek waar die private riool daar onder uitkom.

(4) Voldoende toegang moet net bokant die grondvlak tot enige drek- of vuilwaterpyp wat 'n private riool binneval, verskaf word.

Private Riole en Rysende of Onvaste Grond

46. In rysende of onvaste grond, moet enige private riool volgens die voorskrif van die Direkteur gemaak word, of—

(a) van ligte gietysterype met wande van minstens 'n kwart duim dik, rustende op baksteenpilare gebou met sementdagha en gebou op 'n soliede fondament; of

(b) van geglasuurde erdepype gelê op 'n geskikte deurlopende laag van beton saamgestel uit vier dele kliip, twee dele sand en een deel cement, rustende op 'n sand-onderlaag wat minstens twee duim dik moet wees; en die betonlaag moet minstens drie duim dik wees en die breedte daarvan minstens drie maal die binnedeursnee van die pype wat gebruik word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie indien verbindingsmateriaal goedgekeur ingevolge artikel 31 (3) wat 'n buigsame verbinding gee, gebruik word.

Sekere Riole Moet met Beton Omhul Word

47. (1) Enige steekoog of gedeelte van 'n private riool van geglasuurde erdewerk, met 'n vertikale of skuins val, insluitende enige toebehoersel daarvan of enige private riool van geglasuurde erdewerk met 'n bedekking van minder as 18 duim of enige private riool soos beoog in artikel 45 (3), moet heeltemal omhul wees met beton saamgestel uit ses dele kliip, drie dele sand en een deel cement.

(2) In die geval van 'n private riool met 'n bedekking van minder as 18 duim of 'n private riool beoog in artikel 45 (3), moet die omhullingsbeton aan die kante en bo minstens vier duim dik wees.

(3) In die geval van 'n steekoog of gedeelte van 'n private riool met 'n vertikale of skuins val, moet die omhullingsbeton rondom die hele riool minstens vier duim dik wees en die betonomhulsel moet van bodem- tot grondhoogte strek.

(4) In die geval van 'n steekoog of gedeelte van 'n private riool met 'n skuins val, moet die betonomhulsel doeltreffend gestut word deur 'n betonpilaar met die in subartikel (1) voorgeskrewe samestelling.

Verskaffing van en Vereistes vir Pompe vir Ontlasting van Rioolvuilwater

48. (1) Waar dit nodig is om 'n pomp te tebruik om rioolvuilwater in 'n munisipale riool te ontlas, moet daar vooraf skriftelik by die Direkteur en die Stadsingenieur om so 'n installasie aansoek gedoen en die vereiste besonderhede verstrek word, en geen sodanige pomp mag geinstalleer word nie tensy die goedkeuring van die Direkteur en die Stadsingenieur verkry.

constructed of heavy cast-iron pipes extending at least 18 inches beyond the side of the building where it leaves the building and its walls shall be not less than the following thicknesses:—

Internal diameter of private drain	Thickness of metal
Four inches.....	three-eighth inch;
Six inches.....	half inch.

(b) Suitable access shall be provided to such private drain where it leaves the building.

(3) (a) Any private drain constructed of glazed earthenware pipes, passing under any covered parking area or single-storey outbuilding shall be encased in concrete as provided for in section 47 and shall be protected from the superincumbent weight by a suitable arch or beam at least two inches clear above the concrete casing.

(b) Such casing shall extend at least 18 inches beyond such area or outbuilding where the private drain leaves it.

(4) Adequate access shall be provided just above ground level to any soil or waste-water pipe entering a private drain.

Private Drains in Heaving Soil or Unstable Ground

46. In heaving soil or unstable ground, any private drain shall be constructed according to the directions of the Director either—

(a) in light cast-iron pipes of which the walls are at least a quarter inch thick, resting on brick piers built in cement mortar and built on a solid foundation; or

(b) in glazed earthenware pipes bedded on a suitable continuous concrete bed, composed of four parts stone, two parts sand and one part cement, resting on a sand bed which shall be at least two inches thick, and the concrete bed shall be at least three inches thick and its width shall be at least three times the internal diameter of the pipes used: Provided that the provisions of this paragraph shall not apply if jointing material, approved in terms of section 31 (3) which gives a flexible joint, is used.

Certain Drains to be Encased in Concrete

47. (1) Any cleaning eye or portion of a private drain of glazed earthenware with a vertical or inclined drop, including any fitting thereto, or any private drain of glazed earthenware with less than 18 inches of cover or any private drain contemplated in section 45 (3), shall be completely encased in concrete composed of six parts stone, three parts sand and one part cement.

(2) In the case of a private drain with less than 18 inches cover or a private drain contemplated in section 45 (3), the encasing concrete shall not be less than four inches thick at the sides and on the top.

(3) In the case of a cleaning eye or portion of a private drain with a vertical or inclined drop, the encasing concrete shall not be less than four inches thick all round the drain and the concrete casing shall be carried up from invert level to ground level.

(4) In the case of a cleaning eye or portion of a private drain with an inclined drop, the concrete casing shall be suitably supported by a concrete pier of the composition prescribed in subsection (1).

Provision of and Requirements for Pumps for Discharge of Sewage

48. (1) Where it is necessary that a pump should be used for the discharge of sewage into the municipal sewer, prior application in writing shall be made to the Director and the City Engineer for such installation containing such particulars as may be required and no such pump shall be installed unless the approval of the Director and the City Engineer has been obtained.

(2) Sodanige pomp mag nie direk in die municipale riool in ontlas nie, maar moet daarvan geskei word deur 'n ontvangkamer wat deur die Direkteur goedgekeur is.

(3) Die Raad is in geen opsig aanspreeklik vir skade wat deur die installering, die blote aanwesigheid of die gebruik van enige sodanige pomp veroorsaak word nie.

HOOFSTUK V

NYWERHEIDSUITVLOEISEL

Toestemming om Nywerheidsuitvloeisel in Municipale Riool te Ontlás

49. (1) Niemand mag sonder die Raad se skriftelike vooraftoestemming nywerheidsuitvloeisel in enige municipale riool ontlas, laat ontlas of toelaat dat dit daarin ontlas nie.

(2) Enigeen wat nywerheidsuitvloeisel in 'n municipale riool wil ontlas, moet vooraf skriftelik by die Raad aansoek doen om toestemming om aldus te doen op die in Bylae D hierby voorgeskrewe vorm wat in tweevoud ingevul moet word, en moet daarna sodanige inligting en tekeninge aan die Raad verstrek en sodanige monsters van die nywerheidsuitvloeisel wat aldus ontlas gaan word, indien, as wat die Raad vereis.

(3) As die Raad van oordeel is dat 'n municipale riool groot genoeg is om nywerheidsuitvloeisel te vervoer bенewens die bestaande rioolvuilwatervloei van die gebied wat deur so 'n riool bedien word, kan die Raad die ontlasting van sodanige nywerheidsuitvloeisel in die municipale riool toelaat behoudens die bepalings van hierdie verordeninge betreffende die ontlasting van nywerheidsuitvloeisel in 'n municipale riool.

(4) Enige nywerheidsuitvloeisel wat ingevolge artikel 54 nie in die municipale riool ontlas mag word nie kan, met die Raad se skriftelike voorafvergunning, tog wel daarin ontlas word indien die Stadsingenieur oortuig is dat—

(a) sodanige uitvloeisel voor ontlasting so behandel sal word dat dit buite die verbod van gemelde artikel val; of

(b) die aard van die uitvloeisel sodanig is en die hoeveelheid wat ontlas gaan word, so klein is, dat die uitvloeisel geensins enige municipale riool, rioolplaas of rioolwaterwerke sal beskadig nie.

Bestaande Ontlasing

50. (1) Die Raad kan van die eienaar of okkuperer van enige eiendom waarvandaan nywerheidsuitvloeisel in 'n municipale riool ontlas word, vereis om die in Bylae D hierby voorgeskrewe aansoekvorm in tweevoud in te vul en om sodanige inligting en monsters van die aldus ontlaste nywerheidsuitvloeisel te verskaf, as wat die Raad mag vereis.

(2) As die Raad van oordeel is dat enigiemand wat met die Raad se toestemming nywerheidsuitvloeisel in 'n municipale riool laat ontlas, versuum om enige bepaling van hierdie verordeninge betreffende sodanige ontlasting na te kom, kan die Raad van so iemand per skriftelike kennisgewing vereis om binne 'n tydperk wat in so 'n kennisgewing gemeld moet word, bevrédigende bewys te lewer dat sodanige bepaling nagekom word, by gebreke waarvan sodanige ontlasting onverwyld gestaak moet word.

Bevoegdheid van Stadsingenieur om Ontlasing te Voorkom

51. (1) As enigiemand in stryd met hierdie verordeninge nywerheidsuitvloeisel in 'n municipale riool ontlas, of dit laat doen of toelaat dat dit gedoen word of op die punt staan om dit te doen, kan die Stadsingenieur, indien hy van mening is dat sodanige uitvloeisel waarskynlik uitgebreide skade aan 'n municipale riool, rioolplaas of rioolwaterwerke kan aanrig, nadat hy die eienaar of okkuperer van die

(2) Such pump shall not discharge directly into the municipal sewer but shall be separated therefrom by a reception chamber approved by the Director.

(3) The Council shall in no way be liable for any damage occasioned by the installation, mere presence or use of any such pump.

CHAPTER V

INDUSTRIAL EFFLUENT

Permission to Discharge Industrial Effluent into Municipal Sewer

49. (1) No person shall, without the prior written permission of the Council, discharge industrial effluent, or cause or permit it to be discharged into any municipal sewer.

(2) Any person wishing to discharge any industrial effluent into a municipal sewer shall make prior application in writing to the Council for permission to do so on the form, to be completed in duplicate, set out in Schedule D hereto, and shall thereafter furnish such information and drawings to the Council and submit such samples of the industrial effluent so to be discharged, as the Council may require.

(3) If the Council is of the opinion that a municipal sewer is of sufficient capacity to convey industrial effluent in addition to the existing sewage flow of the area served by such sewer, it may permit the discharge of such industrial effluent into the municipal sewer subject to the provisions of these by-laws relating to the discharge of industrial effluent into a municipal sewer.

(4) Any industrial effluent which, in terms of section 54, shall be discharged into the municipal sewer may, with the prior written permission of the Council, be so discharged if the City Engineer is satisfied that—

(a) such effluent will before being discharged be so treated as to fall outside the prohibition of the said section; or

(b) the nature of the effluent is such, and the quantity that will be discharged is so small, that such effluent will not in any way cause damage to any municipal sewer, sewage farm or sewage disposal works.

Existing Discharges

50. (1) The Council may require the owner or occupier of any property from which industrial effluent is being discharged into a municipal sewer to complete in duplicate the application form set out in Schedule D hereto and to furnish such information and samples of the industrial effluent so discharged as the Council may require.

(2) If the Council is of the opinion that any person who, with the Council's permission, is discharging industrial effluent into a municipal sewer, is failing to comply with any provision of these by-laws relating to such discharge, it may by written notice to such person require him to provide satisfactory proof within a period to be specified in such notice, that such provision is being complied with failing which such discharge shall forthwith be ceased.

Power of City Engineer to Prevent Discharge

51. (1) If any person in contravention of these by-laws discharges industrial effluent into a municipal sewer or causes or permits it to be so discharged or is about to do so, the City Engineer may, if he is of the opinion that such effluent is likely to cause extensive damage to a municipal sewer, sewage farm or sewage disposal works, forthwith

betrokke eiendom verwittig het van sy voorneme om dit te doen, onverwyd die betrokke private riool vir sodanige tydperk as wat hy dienstig ag, afsluit en verseel sodat sodanige uitvloeisel nie in die munisipale riool kan inloop nie.

(2) Die Raad is nie aanspreeklik vir enige skade wat veroorsaak word deur enige optrede ingevolge subartikel (1) nie.

(3) Niemand mag sonder die Stadsingenieur se skriftelike toestemming die seël waarmee 'n private riool ingevolge subartikel (1) afgesluit en verseel is, oopmaak of breek, of dit laat doen of toelaat dat dit gedoen word nie.

Verandering in Hoeveelheid of Aard van Uitvloeisel

52. Enigiemand wat nywerheidsuitvloeisel in 'n munisipale riool ontlas en wat voornemens is om die hoeveelheid of aard van die aldus onlaste uitvloeisel te verander, moet die Raad 14 dae skriftelik kennis gee van sy voorneme om dit te doen en moet in sodanige kennisgewing die datum van die beoogde verandering aandui, en geen sodanige verandering word sonder die skriftelike voorafvergunning van die Raad uitgevoer nie.

Skade wat deur Onwettige Ontlasting Veroorsaak word

53. Die Raad het die reg om op enigiemand wat sonder sy toestemming nywerheidsuitvloeisel in 'n munisipale riool ontlas of dit laat doen of toelaat dat dit gedoen word, alle koste te verhaal wat deur die Raad aangegaan is regstreeks of onregstreeks as gevolg van skade wat deur sodanige ontlasting aan enige munisipale riool, rioolplaas of rioolwaterwerke veroorsaak is.

Verbode Ontlasting

54. Niemand mag enige nywerheidsuitvloeisel in 'n munisipale riool ontlas, laat ontlas of toelaat dat dit gedoen word nie, indien sodanige uitvloeisel—

(a) 'n temperatuur het wat op die punt waar dit die munisipale riool binnegaan, 110 grade Fahrenheit oorskry;

(b) 'n pH-gehalte het wat laer as 6·5 of hoër as 10·0 is;

(c) kalsuimkarbied of enige ander stof hoegenaamd bevat wat ontplofbare of aanstootlike gasse of damp in die munisipale riool kan afgee;

(d) enige stof bevat wat 'n oop flitspunt van laer as 200 grade Fahrenheit het, of wat 'n gislike damp teen 'n temperatuur laer as 200 grade Fahrenheit afgee;

(e) enige stof wat in Bylae E hierby aangegee word, bevat waarvan die konsentrasie groter is as dié wat in gemelde Bylae gespesifiseer word; of

(f) enige stof bevat wat, hetsy op sigself, hetsy saam met ander stowwe, na die oordeel van die Stadsingenieur—

(i) vir die publiek 'n oorlaas van enige aard kan veroorsaak;

(ii) skade kan veroorsaak aan, of gevaelik kan wees vir, die gesondheid van enigiemand wat 'n munisipale riool of mangat binnegaan of werk in verband daarmee verrig of by 'n rioolplaas of rioolwaterwerke werksaam is;

(iii) skadelik kan wees vir enige munisipale riool, rioolplaas of rioolwaterwerke of enige grond wat gebruik word vir die wegdoening van rioolvuilwater; of

(iv) op enige wyse enige proses waarvolgens rioolvuilwater behandel word of die hergebruik van behandelde rioolvuilwater, nadelig kan raak.

after notifying the owner or occupier of the property concerned of his intention to do so, close and seal off the private drain concerned for such period as he may deem expedient, so as to prevent such effluent from entering the municipal sewer.

(2) The Council shall not be liable for any damage occasioned by any action taken in terms of subsection (1).

(3) No person shall without the written permission of the City Engineer open or break the seal of a private drain closed and sealed off in terms of subsection (1) or cause or permit it to be done.

Change in Quantity or Nature of Effluent

52. Any person discharging industrial effluent into a municipal sewer who intends to change the quantity or nature of the effluent so discharged, shall give 14 days written notice to the Council of his intention to do so specifying the date of the proposed change in such notice and no such change shall be effected without the prior written permission of the Council.

Damage Caused by Unlawful Discharge

53. The Council shall be entitled to recover from any person who, without the permission of the Council discharges industrial effluent into a municipal sewer or causes or permits it so to be discharged, all costs incurred by it as the direct or indirect result of damage caused to any municipal sewer, sewage farm or sewage disposal works by such discharge.

Prohibited Discharges

54. No person shall discharge any industrial effluent or cause or permit it to be discharged into any municipal sewer, if such effluent—

(a) has a temperature exceeding 110 degrees Fahrenheit at the point where it enters the municipal sewer;

(b) has a pH value less than 6·5 or greater than 10·0;

(c) contains any calcium carbide or any other substance whatsoever liable to give off explosive or offensive gasses or vapours in the municipal sewer;

(d) contains any substance which has an open flash point of less than 200 degrees Fahrenheit or which gives off a poisonous vapour at a temperature below 200 degrees Fahrenheit;

(e) contains any substance listed in Schedule E hereto, the concentration of which exceeds that specified in the said Schedule; or

(f) contains any substance which, whether alone or in combination with any other substance, may in the opinion of the City Engineer—

(i) cause a nuisance of any kind to the public;

(ii) cause injury to or be a danger to the health of any person entering a municipal sewer or manhole or carrying out any work in connection therewith or working at a sewage farm or sewage disposal works;

(iii) be injurious to any municipal sewer, sewage farm or sewage disposal works or any land used for the disposal of sewage; or

(iv) in any way injuriously affect any process whereby sewage is treated or the re-use of treated sewage.

Beperking van Ontlasting

55. (1) Die Raad kan die ontlasting van nywerheidsuitvloeisel in 'n munisipale riool tot sekere vasgestelde ure en die onlastempo tot 'n vasgestelde maksimum beperk en die eienaar of okkuperer van die betrokke eiendom moet op eie koste sodanige tenks, toestelle en ander uitrusting aanbring wat nodig is vir voldoening aan sodanige beperking.

(2) Niemand mag so 'n beperking oortree of versuim om daaraan te voldoen nie.

Verskaffing van Afsonderlike Rioleringsinstallasie en Meters

56. Die Raad kan van die eienaar of okkuperer van enige eiendom waarvandaan nywerheidsuitvloeisel in 'n munisipale riool ontlas word, vereis om—

(a) op sy eie koste 'n afsonderlike rioleringsinstallasie vir die wegvoer van sodanige uitvloeisel te installeer en om die uitvloeisel deur middel van 'n afsonderlike aansluiting wat die Raad verskaf, in die munisipale riool te ontlas; en

(b) op sy eie koste een of meer meters te installeer om die hoeveelheid van sodanige uitvloeisel te meet.

Konstruksie van Inspeksiekamer

57. (1) Die Raad kan van die eienaar van enige eiendom waarvandaan nywerheidsuitvloeisel in 'n munisipale riool ontlas word, vereis om op eie koste 'n inspeksiekamer wat groot genoeg is vir monsterneming van sodanige uitvloeisel, op te rig op enige pyp of kanaal op die betrokke eiendom, wat nywerheidsuitvloeisel na 'n munisipale riool afvoer.

(2) Enige behoorlik gemagtigde beampte van die Raad het te alle tye die reg van toegang tot so 'n kamer en kan die aard en vloeteempo nagaan en monsters neem, van die ontlasting wat van die eiendom af plaasvind.

Nywerheidsuitvloeiselheffing en Meting van Hoeveelheid

58. (1) Die eienaar of okkuperer van enige eiendom waarvandaan nywerheidsuitvloeisel in 'n munisipale riool ontlas word, moet aan die Raad 'n nywerheidsuitvloeiselheffing voorgeskryf in Bylae F hierby betaal, bereken volgens—

(a) die hoeveelheid onlaste nywerheidsuitvloeisel gedurende enige maand; en

(b) die sterkte van die uitvloeisel soos bepaal ooreenkomsdig die in Bylae G hierby beskrewe skeikundige metodes vir die ontleiding van rioolvuilwater en nywerheidsuitvloeisel.

(2) Die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat gedurende enige maand van enige eiendom af in 'n munisipale riool ontlas is, word vasgestel—

(a) deur regstreekse metertmeting van die nywerheidsuitvloeisel voordat drek- of vuilwater daarby aansluit; of

(b) indien daar geen regstreekse meting volgens paraagraaf (a) plaasvind nie, aan die hand van die hoeveelheid water wat gedurende die maand op die eiendom verbruik is, uitgesonderd die water wat aldaar vir huishoudelike doeleindest verbruik is, tydens die vervaardigingsproses verdamp het en in die eindproduk aanwesig is.

(3) Waar die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel volgens subartikel (2) (a) bepaal moet word, moet meters wat 'n afwyking van meestens 5 persent na weerskante toe kan toon, op eie koste deur die eienaar of okkuperer van die betrokke eiendom verskaf, geïnstalleer en onderhou word.

(4) As 'n meter waarmee die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel gemeet word wat van enige eiendom af in 'n munisipale riool ontlas word, defek raak, moet sodanige hoeveelheid volgens subartikel (2) (b) bepaal word.

Restriction of Discharge

55. (1) The Council may restrict the discharge of industrial effluent into a municipal sewer to certain specified hours and the rate of discharge to a specified maximum and the owner or occupier of the property concerned shall install at his own expense such tanks, appliances and other equipment as may be necessary for compliance with such restriction.

(2) No person shall contravene or fail to comply with any such restriction.

Provision of Separate Drainage Installation and Meters

56. The Council may require the owner or occupier of any property from which industrial effluent is discharged into a municipal sewer—

(a) to install, at his own expense, a separate drainage installation for the conveyance of such effluent and to discharge the effluent into the municipal sewer through a separate connection provided by the Council; and

(b) to install, at his own expense, one or more meters for measuring the quantity of such effluent.

Construction of Inspection Chamber

57. (1) The Council may require the owner of any property from which industrial effluent is discharged into a municipal sewer to construct, at his own cost, an inspection chamber of adequate dimensions for the taking of samples of such effluent, on any pipe or channel on the property concerned conveying industrial effluent to a municipal sewer.

(2) Any duly authorised official of the Council shall at all times have the right of access to such chamber and may examine the character, gauge the flow, and take samples of the discharge from the property.

Industrial Effluent Charges and Measuring of Quantity

58. (1) The owner or occupier of any property from which industrial effluent is discharged into a municipal sewer, shall pay to the Council an industrial effluent charge prescribed in Schedule F hereto; calculated according to—

(a) the quantity of industrial effluent discharged during any month; and

(b) the strength of the effluent as determined in accordance with the chemical methods for the analysis of sewage and industrial effluent described in Schedule G hereto.

(2) The quantity of industrial effluent discharged from any property into a municipal sewer during any month shall be determined—

(a) by direct measurement by meter of the industrial effluent before such effluent is joined by soil or waste-water; or

(b) where no direct measurement as contemplated in paragraph (a) takes place, on the basis of the quantity of water used on the property during the month, excluding the water used thereon for domestic purposes and evaporated during the manufacturing processes and present in the final product.

(3) Where the quantity of industrial effluent is to be determined as contemplated in subsection (2) (a), meters which may show an error of not more than 5 per cent either way, shall be provided, installed and maintained by the owner or occupier of the property concerned at his own cost.

(4) If a meter registering the quantity of industrial effluent discharged from any property into a municipal sewer has become defective, such quantity shall be determined in accordance with subsection (2) (b).

(5) Die bedrae wat ingevolge Bylae F gehef word, is maandeliks betaalbaar teen die tarief wat volgens gemelde Bylae, deur middel van chemiese ontleding van vier toetsmonsters en die maandelikse waterverbruik oor 'n tydperk van ses maande, vasgestel is: Met dien verstande dat die tarief nie by korter tussenpose as ses maande gewysig mag word nie.

(6) Waar nywerheidsuitvloei sel van enige eiendom af op meer as een punt in 'n munisipale riool ontlas word, kan toetsmonsters by iedere sodanige ontlaspunt geneem en ontleed word, en ten einde 'n heffing ingevolge Bylae F hierby te maak, word die gemiddelde syfer van die toetsresultate gebruik.

HOOFSTUK VI

DEEL I

VUILWATERPIPE

Materiaal en Wydte van Vuilwaterpipe

59. (1) Enige vuilwaterpyp en vuilwaterventilasiepyp moet van lood, gie yster, gegalvaniseerde weekstaal, koper, geelkoper of ander geskikte materiaal gemaak wees.

